

Ortopediese probleme met eie bloed behandel

PETRO BOSMAN

'n NUWE behandeling vir pasiënte met ortopediese probleme word nou ook met groot sukses by die Panorama Medi-Clinic toegepas – deur basies 'n pasiënt se eie bloed te onttrek en hom dan weer met die plasma in die aangetaste gewrig of beseerde area in te spuit.

Dr. Ockie van Zyl, ortopeed by Panorama Medi-Clinic, sê dié procedure – bekend as ACP-terapie (“Autologous Conditioned Plasma”) is ook baie gewild in die buiteland, veral die Ooste, Europa en die VSA.

Maar hoe werk die proses presies? “Bloed word basies uit 'n arm


in jou arm onttrek, in 'n masjien gewentel en 'n natuurlike oplossing word dan verkry deur 'n skeidingsproses in die bloed,” sê van Zyl (sien ook illustrasie). “Die rooibloedselle bly onder in die naald oor en die natuurlike, aktiewe bestanddele word in die aangetaste deel ingespuut.”

Maar hoekom bloedplaatjies uit 'n pasiënt se bloedstroom onttrek? “Die voordeel hieraan verbonde is dat die plasma sewe tipes groeifaktore bevat asook plaatjies wat met genesing help en stamselle wat vinniger herstel van die probleem meebring,” verduidelik Van Zyl. “Dit is lankal bekend dat die groeifaktore in menslike bloed 'n belangrike rol speel in die helingsproses, want plaatjies buite die bloedstroom ak-

tiveer groeifaktore.”

Mense wat kan baatvind by dié behandeling, sluit in pasiënte met kraakbeenletsels en die vroeë stadium van osteoartritis. Ligamentontsteking kan ook aansienlik baat by dié behandeling. ACP-terapie word ook vir die herstel van kraakbeen en spierbeserings, sogenaamde “runners knee”, “Iliotibial Bandsindroom” (ITB), ná 'n artroskopiese en by kruisligament-herstel toegepas. Baie sportlui kan dus ook hierby baatvind.

En pasiënte kan enigiets van een dag tot ses weke weer op die been wees, sê Van Zyl. Mense met navrae kan sy kamers bel by 021 930 2740/2708 of besoek die webtuiste www.kneeandhipsurgery.com



Só lyk die proses waarvolgens bloed onttrek en plasma weer in die pasiënt se beseerde gewrig ingespuut word.

Illustrasie: Panorama Medi-Clinic